



Oproep tot gebed oor geweld en wetteloosheid in die land

12 Julie 2021



Ons staan ongekende spanning in die gesig in ons land. Die COVID-19 pandemie het 'n vernietigende effek op ons. Mense is siek en gaan dood, nie net alleen aan COVID of COVID-gerwante siektes nie, maar ook aan siektes soos kanker, hartaanvalle ens., asook ander oorsake soos padongelukke, moord en selfmoord. Gesinne is in rou en, a.g.v. grenselregulasies, nie in staat om geliefdes behoorlik te groet nie, nie in staat om mekaar te vertrou soos wat hulle normaalweg sou doen nie.

Baie mense wat COVID oorleef het, sukkel steeds met herhalende simptome. Baie mense het hulle werk en inkomste verloor en is nie in staat om behoorlik vir hulle gesinne te sorg nie. Baie het hulle huise verloor en was genoodsaak om by familie in te trek of na informele nedersettings te verskuif. Algemene maniere vir streshantering, soos sosialisering met familie en vriende, sportdeelname, ontspanningsaktiwiteite, kerkbywoning en ander godsdienstige byeenkomste, word verbied deur die grenselregulasies. Verstandelike- (geestes-) en emosionele stres, vrees, fisiese pyn, gevalle van huishoudelike geweld, verkragting, dwelm- en alkoholmisbruik, geweld, onbeheerste woede en frustrasie neem oorhand toe.

Die gebrek aan dienslewering deur die regering dra verder by tot woede en frustrasie. Politieke binnegevegte en etniese stamverbintenisse het ons land onstabiel gemaak. Onopgeloste konflik en onregverdigheid van die verlede blaas haat en geweld aan. Die mense van ons land het seer, hulle bloei, gaan dood en roep desperaat na 'n Verlosser. Ons het nie meer planne nie. Ons leiers het ons gefaal. Ons faal mekaar. Soos wat wetteloosheid toeneem, verminder ons deernis.

As ons regtig glo dat daar 'n God in die hemel is, dan is dit nou die tyd om tot Hom uit te roep. Hy is God en ons is nie. Hy is Soewerein. Kom ons verootmoedig onself voor Hom en vra Hom om te help.

Bid saam met ons:

1. *"Nie aan ons nie, Here, nie aan ons nie, maar aan u Naam kom die eer toe, want dit is U wat liefde en trou bewys. Waarom sou die heidene kan sê: "Waar is hulle God nou?" (Psalm 115:1-2)*

Hemelse Vader, ons verneder onself voor U. Ons het U nodig. Ons vra U in Jesus se Naam, help ons asseblief.

2. *"Omdat die minagting van die wet van God sal toeneem, sal die liefde by baie verkoel." (Matteus 24:12)*

Vader, ons bely dat ons harte gevul is met woede en bese gedagtes oor dit wat in ons land gebeur. Ons het opgehou om U liefde aan die hulpelose en hopelose te demonstreer. Ons eer nie U Naam deur ons houding nie. Ons bid vir Christene oraloor om uit te reik in daad van goedheid – om hoop te bring aan diegene wat swaarkry. Ons verootmoedig onself. God van kompasie, ons het U nodig. Help ons asseblief en vul ons met U liefde en kompasie, ons vra in Jesus se Naam.

3. *"Moenie self wraak neem nie, geliefdes, maar laat dit oor aan die oordeel van God. Daar staan immers geskrywe: "Dit is my reg om te straf; Ék sal vergeld," sê die Here. "As jou vyand honger is, gee hom iets om te eet; as hy dors is, gee hom iets om te drink; want deur dit te doen, maak jy hom vuurrooi van skaamte." Moet jou nie deur die kwaad laat oorwin nie, maar oorwin die kwaad deur die goeie. (Romeine 12:19-21)*

Vader ons oordeel, veroordeel, blameer en beskuldig mekaar. Ons het mekaar se vyande geword. Ons bid vir 'n diepe oortuiging van sonde onder Christene en 'n begeerte om God te behaag. Gee ons asseblief harte wat vergewe. Vergewe ons veroordeling van ander. Help ons om alle oordele opsy te sit. Vader van Geregtigheid ons het U nodig. Help ons asseblief om te seën en nie te vervloek nie. Vul ons met U Gees, ons vra dit in Jesus se Naam.

4. *“Geseënd is die vredemakers, want hulle sal kinders van God genoem word.”*

(Matteus 5:9)

Vader, gebruik ons elkeen as vredemakers en bedienaars van versoening in die sfeer waarin U ons geplaas het. In ons wonings, in ons werksplekke, in ons skole, in die markplein en die gemeenskap waarin ons leef. Gee ons wysheid. Ons bid dat vredemakers in elke plek waar woede en geweld ontplof, sal opstaan. Ons bid vir die politici en polisie wanneer hulle reageer op geweld, dat dit nie sal eskaleer tot 'n volskaalse oorlog en vernietiging nie. Ons verneder onself. Prins van Vrede, ons het U nodig. Help ons asseblief om die woede te ontloft, wat dreig om ons te oorweldig en ons land te destabiliseer.

5. *“Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid.”*

(1 Timoteus 2:1-2)

Vader ons bid vir die politieke leiers van ons volk. Sommige van hulle is Christene. Roer in hulle harte om 'n standpunt in te neem vir reg en geregtigheid. Verwyder die vrees van mense uit hulle harte. Gee hulle waagmoed en wysheid, sodat hulle hul posisie van invloed kan gebruik om ons leier te lei na 'n oplossing. Help ons om oorwinning te kry oor die etniese skeiding en die vernietiging wat dit veroorsaak in 'n multi-etniese volk. Vader van Genade, ons buig voor U in totale afhanklikheid. Ons het nie antwoorde, buiten om U hulp te vra en te bid dat ons nasie weer sal buig onder die Vrees van die Here nie. Wees ons asseblief genadig, ons vra in Jesus se Naam.

6. *“Ons stryd is nie teen vlees en bloed nie, maar teen elke mag en gesag, teen elke gees wat heers oor hierdie sondige wêreld, teen elke bose gees in die lug.”* (Efesiërs 6:12)

Vader klee ons met die Geestelike wapens en wapenrusting om ons te beskerm, en om ons staande te hou teen die aanslag van die bose wat teen ons kom. Ons onderwerp ons gedagtes aan U. Ons onderwerp ons harte aan U. Ons onderwerp onself aan die waarheid. Ons offer onself as instrumente om die evangelie te verkondig. Vul ons monde met U Woord om elke situasie aan te spreek. Versterk ons geloof in U karakter, sodat die vurige pyle van die bose magte nie ons verstand, ons harte of ons verhoudings kan binnedring nie, dat dit ook nie ons liefde, kompassie en diens aan die armes en behoeftiges sal versteur nie, en ook nie ons aanbidding en wandel saam met U nie. Ons bid dat waarheid openbaar sal word en sal standhou en dat die waarheid ons sal vrymaak. Ons verootmoedig onself voor U. Help ons asseblief, Gees van Waarheid. Lei ons in hierdie onseker tye om U wil te doen.

7. *“Ek wil die HERE loof en nie een van sy weldade vergeet nie. Dit is Hy wat al my sonde vergewe, wat al my siekte genees, wat my red van die graf en my met liefde en ontferming kroon, wat my die goeie in oorvloed laat geniet, my die jeugdige krag van die arend skenk. Die HERE laat geregtigheid en reg geskied aan almal wat verdruk word. Aan Moses het Hy sy wil bekend gemaak, aan Israel wat Hy van plan was om te doen. Barmhartig en genadig is die HERE, lankmoedig en vol liefde. Hy sal ons ons sonde nie bly toereken en nie vir ewig toornig bly nie. Hy handel met ons nie volgens ons sondes nie, vergeld ons nie vir ons ongeregthede nie, want so groot as die afstand tussen hemel en aarde is, so groot is sy liefde vir dié wat Hom dien. So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons*

oortredinge van ons af. Soos 'n vader hom ontferm oor sy kinders, so ontferm die HERE Hom oor dié wat Hom dien. Hy weet waarvan ons gemaak is, Hy hou dit in gedagte dat ons stof is. Die mens, sy lewensduur is soos dié van gras, soos dié van 'n veldblom wat oopgaan: as die woestynwind daaroor waai, is dit weg en sy plek vir altyd leeg. Maar onverganklik is die liefde van die HERE vir dié wat Hom dien, sy trou vir opeenvolgende geslagte, vir dié wat getrou bly aan sy verbond en sy voorskrifte nakom. Die Here het sy troon in die hemel gevestig, sy heerskappy strek oor alles en almal.” (Psalm 103:2-19)

Vader, wees ons asseblief genadig en genees ons van die COVID-19 pandemie. Ons het U nodig, die HERE wat genees. Help ons asseblief, ons vra in Jesus se Naam.